basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2022**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**SHALEEN SURTIE-RICHARDS**
***Sy was volksbesit!***

1 Shaleen Surtie-Richards (1955–2021) is op Upington in die Noord-Kaap gebore. Sy het daar en in die Kaap grootgeword. As kind het sy klavierlesse geneem, ballet gedoen en tennis gespeel.



2 Shaleen se pa was 'n skoolhoof en haar ma was 'n onderwyseres. Haar ouers se betrokkenheid by onderwys het haar laat besluit om in hulle voetspore te volg. Nadat sy as kleuterskoolonderwyseres studeer het, het sy tussen 1974 en 1984 in Upington en Kaapstad skoolgehou.

3 Alhoewel sy daarvan gehou het om met kindertjies te werk, wou sy baie graag drama doen. Sy het by 'n dramagroep aangesluit en as amateur in verskillende stukke gespeel. Sy het ook gehelp met die Departement van Onderwys se Teater-in-Onderwys-projekte. Die akteur, Rouston Stoffels, het Shaleen se dramatalent raakgesien en haar oorreed om die onderwys te verlaat. In 1984 het sy met haar professionele loopbaan as aktrise begin.

4 Shaleen het geen formele opleiding as aktrise gehad nie. Sy het net haar natuurlike speeltalent en vurige passie vir drama gehad. Sy het van stories gehou en sy het in stories gespeel.



5 Shaleen het drama op die verhoog, in films, op televisie en oor die radio vertolk. Haar eerste professionele rol was in 1985, toe sy die rol van Hester in Athol Fugard se *Hallo en Koebaai* gespeel het. Vir hierdie rol het sy die Fleur du Cap-toekenning as beste aktrise ontvang. En dan was daar haar onvergeetlike rol as Fiela Komoetie in die film, *Fiela se Kind*, in 1988. In 2009 het sy nog 'n Fleur du Cap-toekenning vir haar rol in *Shirley Valentine* ontvang. Shaleen was 'n bekende by verskillende kunstefeeste in Suid-Afrika, byvoorbeeld die Klein Karoo Nasionale Kunstefees. In 2008 was *Shirley Valentine* die gewildste produksie by die KKNK.

6 Op televisie het Shaleen vir baie lank die rol van Ester Willemse, beter bekend as Nenna, in Suid-Afrika se eerste sepie, *Egoli: Plek van Goud*, vertolk. Met hierdie rol het sy diep in Suid-Afrikaners se harte gekruip. Sy het ook haar draai in ander bekende sepies soos *7de Laan* en *Generations* gemaak. So het "Aunty" Shaleen volksbesit geword. Sy was ook een van die beoordelaars van die sangkompetisiereeks, *Supersterre*. Op radio het sy as verteller gewerk en in 1994 in die radiodrama, *Kanna Hy Kô Hystoe*, opgetree.

7 Shaleen het baie hard gewerk. 'n Mens kan maar net kyk na alles wat sy tussen 2011 en 2021 gedoen het en jy sal sien dat sy byna elke jaar 'n ander rol gespeel het. Sy het geniet wat sy gedoen het. Toe sy eenkeer gevra is wat sy as hoogtepunt in haar loopbaan sou beskou, het sy gesê daar is nie net een ding om uit te sonder nie. Alles wat sy gedoen het, was vir haar hoogtepunte. In haar lang loopbaan van byna 40 jaar het sy verskeie pryse ontvang. Sy het ook in Londen opgetree.

8 Shaleen se gesondheid het die laaste paar jaar agteruitgegaan. Sy het aan diabetes gely en ook met haar hart en longe gesukkel. Sy het twee beroertes gehad. In 2012 het sy ineengestort terwyl sy besig was om gelyktydig aan twee produksies te werk. Sy was lank in die hospitaal. Die nag van 7 Junie 2021 is sy op 66-jarige ouderdom in haar slaap in 'n gastehuis in Kaapstad oorlede. Dit was terwyl sy besig was om aan die televisiereeks, *Arendsvlei*, te werk.

9 Suid-Afrika het 'n legende verloor. Haar dood het mense bewus gemaak van baie Suid-Afrikaanse akteurs wat dikwels swaarkry. Shaleen het groot sukses in haar loopbaan behaal, maar in die laaste paar jaar van haar lewe het sy gesukkel om werk te kry.

10 Tydens haar begrafnisdiens in Kaapstad was daar sang, lag en trane. Familie, vriende, kollegas en aanhangers onthou Shaleen met liefde en respek. Almal stem saam dat sy nie net haar talent met ander gedeel het nie, maar ook haar warmte en opregtheid.

11 M-Net het 'n dokumentêre program oor Shaleen se lewe en werk gemaak: *Shaleen Surtie-Richards: I am who I am*. Hierdie titel pas baie goed by hierdie unieke vrou wat haar lewe voluit geleef het. Sy kon mense oor verskillende agtergronde heen inspireer. Die Naledi-Teatertoekenning wat sy in 2015 vir haar lewenslange bydrae tot drama en teater ontvang het, was welverdiend.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 17 Junie 2021, Wikipedia, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Na watter TWEE dinge verwys die twee datums tussen hakies in reël 1? (2)

1.2 Op watter dorp is Shaleen gebore? (1)

1.3 As kind het Shaleen nie veel belangstellings gehad nie.

Motiveer in jou eie woorde waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Shaleen was eers 'n kleuterskoolonderwyseres. Gee TWEE redes waarom sy dit as loopbaan gekies het. (2)

1.5 Watter loopbaanverandering het Shaleen in 1984 gemaak? Verwys na albei beroepe. (2)

1.6 Skryf EEN woord uit paragraaf 5 neer wat vir ons sê dat mense Shaleen altyd sal onthou vir haar rol as Fiela Komoetie in *Fiela se Kind*. (1)

1.7 "Met hierdie rol het sy **diep in Suid-Afrikaners se harte gekruip**." (Paragraaf 6)

1.7.1 Word hierdie vetgedrukte woorde LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1 deur te verduidelik wat die vetgedrukte woorde beteken. (1)

1.7.3 Wat was die naam van die karakter wat Shaleen in hierdie rol gespeel het? (1)

1.8 Shaleen het 'n suksesvolle loopbaan gehad. Gee EEN rede uit paragraaf 7 waarom ons so kan sê. (1)

1.9 "Shaleen se gesondheid het die laaste paar jaar agteruitgegaan." (Paragraaf 8)

1.9.1 Watter gesondheidsprobleme het Shaleen gehad? Noem EEN. (1)

1.9.2 Wat het in 2012 met Shaleen gebeur en wat was die oorsaak daarvan? (2)

1.10 Aan watter televisiereeks het Shaleen gewerk toe sy in Junie 2021 oorlede is? (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) neer.

*Shaleen Surtie-Richards: I am who I am* is 'n goeie titel vir 'n dokumentêre program oor Shaleen se lewe en werk, want Shaleen ...

A wou hê mense moet haar altyd onthou.
B se naam en van was vir haar baie belangrik.
C wou hê almal moet weet in watter films sy gespeel het.
D het haar nie aan ander mense se opinies oor haar gesteur nie. (1)

1.12 Shaleen het 'n suksesvolle loopbaan vol hoogtepunte gehad.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | 1985 | A | Shaleen het 'n tweede Fleur du Cap-prys ontvang. |
| 1.12.2 | 1994 | B | Shaleen het erkenning ontvang vir haar lang loopbaan as aktrise. |
| 1.12.3 | 2009 | C | Shaleen is genooi om in Londen op te tree. |
| 1.12.4 | 2015 | D | Shaleen het vroeg in haar loopbaan reeds 'n prys as beste aktrise ontvang. |
| | | E | Shaleen het drama ook op radio vertolk. |

(4 x 1) (4)

1.13 Wat is die funksie van die foto's by hierdie teks? (1)

1.14 ***Sy was volksbesit!***

Waarom is dit 'n gepaste subtitel vir hierdie teks? (1)

**SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: GRATIS KOFFIE BY WIMPY**




[Verwerk uit *Beeld*, 6 Oktober 2021]

1.15 Kyk na die prentjie van die koppie met die glimlag wat saam met die Wimpy-logo in die spotprent is.

1.15.1 Watter atmosfeer probeer Wimpy daarmee skep?



(1)

1.15.2 Pas die kelnerin se houding by hierdie atmosfeer? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Kyk na die man in die spotprent.

1.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die man se lyftaal kan ons aflei dat die kelnerin hom laat (skrik/lag) het. (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord deur na die man se lyftaal te verwys. (1)

1.17 Hoe weet ons dat Hendrik se vrou nie saamgepraat het nie? (1)

1.18 Watter belangrike inligting is weggelaat wat veroorsaak het dat Hendrik en sy vrou die plakkaat verkeerd verstaan het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

In die somer drink baie mense graag Coca-Cola, maar te veel van hierdie soet drankie is nie goed vir jou nie.

### INSTRUKSIES

1. Som SEWE nadele van te veel Coca-Cola in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die nadele puntsgewys neer.
3. Nommer die nadele van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**DIE NADELE VAN TE VEEL COCA-COLA**

Coca-Cola is 'n baie gewilde drankie. Maar wat gebeur as jy te veel daarvan drink?

Coca-Cola bevat suiker, water en geurmiddels. Súiker en jou skaal is glad nie maats nie. Volgens navorsing sal net een blikkie per dag jou elke maand 500 g meer laat weeg. Jy het seker ook al die woord diabetes gehoor. Dit neem regoor die wêreld toe en as jy te veel Coca-Cola drink, loop jý die risiko om ook diabetes te ontwikkel.

Gereelde, gesonde maaltye keer dat die bene in jou liggaam verswak. Baie mense drink eerder Coca-Cola as om gesonde kos te eet. As dit aanhoudend gebeur, sal die bene in jou liggaam verswak en kan jy osteoporose kry. Mense wat hulle tande se emalje oppas, het sterk, gesonde tande wat nie maklik gaatjies kry nie. Een manier om jou tande op te pas, is om minder Coca-Cola te drink.

Coca-Cola bevat selfs meer suiker as lekkergoed. Omdat daar nie 'n balans tussen die suiker, minerale en gas in Coca-Cola is nie, is dit baie nadelig vir jou niere. Jy kan ernstige nierprobleme opdoen. Baie mense moet daagliks medisyne drink vir hoë bloeddruk. Te veel verfynde suiker ontwater die liggaam. Te veel Coca-Cola kan dus tot hoë bloeddruk lei.

Laastens: Coca-Cola se bruin kleur kom nie van bruinsuiker af nie, maar van 'n kunsmatige kleurmiddel. Hierdie kleurmiddel word deur 'n chemiese proses ontwikkel wat jou kanse om kanker te kry, verhoog.

Onthou: voorsorg is beter as nasorg!

[Verwerk uit t2conline.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.


**TEKS D**




[Verwerk uit *Huisgenoot*, 24 Junie 2021]

3.1 Gee die INTENSIEWE VORM van "nuut". (1)

3.2 Watter woord in die advertensie word deur hierdie prentjie ondersteun?



(1)

3.3 Waarna verwys die woord "Triple" in Zinplex Triple Plus? (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In hierdie sin is "opwindendste" 'n voorbeeld van (denotatiewe/emotiewe) taal. (1)

3.5 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde in hierdie sin dui op partydigheid? (1)

3.6 Hoe probeer die adverteerder die leser oorreed om Zinplex te koop? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

Jy sal nie spyt wees as jy vir hulle **Zinplex** koop nie.

Hierdie stelling is 'n MENING omdat ...

A dit nog nie bewys is nie.
B daar statistiek as bewys is.
C baie ouers dit reeds gebruik.
D **Zinplex** nie oral beskikbaar is nie. (1)

3.8 Skryf die sin hieronder as 'n BEVELSIN en begin soos aangedui.

Kinders het net een teelepel stroop per dag nodig.


**Begin só:** Gee ... (1)

3.9 Watter deel van hierdie advertensie sal jóú as ouer oorreed om hierdie produk te koop? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Uit: *Beeld*, 25 en 26 Augustus 2021]

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

4.1.1 Hoe weet jy dat Ma nie haar sin kon voltooi nie? (1)

4.1.2 Hoekom kon Ma nie haar sin voltooi nie? (1)

4.2 Skryf Ma se woorde in RAAMPIE 2 in die DIREKTE REDE.

Ma sê dat Maria Lopez haar jarelange vriendin is. (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3) neer.

Ma se woorde in RAAMPIE 3 dui daarop dat sy ...

A daaraan gewoond is om haar vriendin te sien.
B daarna uitsien om haar vriendin te sien.
C skaam is om haar vriendin te sien.
D bang is om haar vriendin te sien. (1)

4.4 Gee die korrekte MEERVOUD van die woord tussen hakies in RAAMPIE 4.

Sy is een van my beste (vriendins). (1)

4.5 Hoe ondersteun Jeremy se lyftaal in RAAMPIE 5 die feit dat hy ernstig is oor wat hy sê? Noem TWEE dinge. (2)

4.6 In RAAMPIE 6 wys Ma se liggaamshouding en haar woorde dat sy nie meer so opgewonde voel soos aan die begin van haar gesprek met Jeremy nie. Gee EEN moontlike rede hiervoor. (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 5 en 6.

Waarom is Jeremy se woorde in RAAMPIE 6 **ironies**? Verwys in jou antwoord na RAAMPIE 5 en 6. (2)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**SEUN STEL GOEIE VOORBEELD**

Toe Terrence Shipalana twaalf jaar oud was, het hy gehoor die mense kla oor die paaie in (5.1.1) (hom/sy) omgewing. Hulle het gesê die regering maak (5.1.2) (die gate in die paaie reg). Toe besluit Terrence (5.1.3) (self iets doen).

(5.1.4) (In die middae) na skool het Terrence aan die werk gespring. Hy het eers die (5.1.5) (groot) gate gesoek. Dan het hy grond langs die pad gevat en dit (5.1.6) ... hierdie gate gegooi. Hy het net 'n (5.1.7) (roes) graaf en 'n kruiwa gebruik.

Mense wat daar verbygery het, was baie bly oor hierdie werk wat Terrence gedoen het. (5.1.8) (Hulle betaal hom daarvoor.)

Terrence se ma het in 'n (5.1.9) (winkel) gewerk en min geld verdien. Daarom het Terrence 'n deel van sy geld vir sy ma gegee. (5.1.10) (Die ander geld het hy gespaar. Hy kon eendag gaan leer om onderwyser te word.)

Mnr. Manzini, die skoolhoof, het Terrence ondersteun. "Ek moes eenkeer sowat R5 000 betaal vir skade aan my motor as gevolg van die swak paaie. Terrence se herstelwerk het (5.1.11) (my) gehelp om koste te bespaar. (5.1.12) (Ek haal regtig my hoed vir hom af.) (5.1.13) (Is daar niemand anders wat hom 'n bietjie kan help nie?)"

(5.1.14) Met hierdie werk wat Terrence gedoen het het hy 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap gelewer.

[Verwerkte teks]

5.1.1 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Hy het gehoor die mense kla oor die paaie in (hom/sy) omgewing. (1)

5.1.2 Skryf die sin oor en verander die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

Hulle het gesê die regering maak (die gate in die paaie reg). (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Toe besluit Terrence (self iets doen). (1)

5.1.4 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(In die middae) na skool het Terrence aan die werk gespring. (1)

5.1.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Hy het eers die (groot) gate gesoek. (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Dan het hy grond langs die pad gevat en dit ... hierdie gate gegooi. (1)

5.1.7 Gee die korrekte DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Hy het net 'n (roes) graaf en 'n kruiwa gebruik. (1)

5.1.8 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Hulle betaal hom daarvoor. (1)

5.1.9 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Terrence se ma het in 'n (winkel) gewerk en min geld verdien. (1)

5.1.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die ander geld het hy gespaar. Hy kon eendag gaan leer om onderwyser te word. (sodat) (1)

5.1.11 Gebruik die HOMOFOON van **my** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.12 Kies die korrekte ANTWOORD uit dié tussen hakies.

As mnr. Manzini sê: "Ek haal regtig my hoed vir hom af," bedoel hy dat hy (simpatie met/respek vir) Terrence het. (1)

5.1.13 Skryf die sin hieronder oor in die INDIREKTE REDE.

Mnr. Manzini vra: "Is daar niemand anders wat hom 'n bietjie kan help nie?" (1)

5.1.14 Skryf die sin hieronder oor en vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Onderstreep die leesteken.

Met hierdie werk wat Terrence gedoen het het hy 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap gelewer. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT EN TEKS**

Die gesin maak gereed om die naweek 'n bietjie weg te gaan.




[Verwerk uit clipart-library.com]

5.2.1 Gee 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Pa, Ma en kinders pak in vir 'n lekker (gesin + vakansie). (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Hulle pak die (*groceries*) in die sak. (1)

5.2.3 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die sin hieronder in.

Pa wil graag nuus luister en daarom neem hulle die ... saam. (1)

5.2.4 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die sin hieronder in.

Omdat hulle in die bos gaan kampeer, neem hulle ook 'n ... vir lig saam. (1)

5.2.5 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Ma sal seker maak dat haar (sonbrille/sonbril) ook saamgaan. (1)

5.2.6 Skryf die onderstaande sin in die LYDENDE VORM.

Ma pak die medisyne in die noodhulpkissie. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAATEKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ‘n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee ‘n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ‘n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: SHALEEN SURTIE-RICHARDS**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 17 Junie 2021, wikipedia, e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Dit dui Shaleen se/haar **geboortejaar/geboorte (1955)** ✓ en **sterftejaar/afsterwe/dood (2021)** ✓ aan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Dit kan 1 of 2 punte tel.)* | 2 |
| | | |
| 1.2 | (Op) Upington | 1 |
| | | |
| 1.3 | • Shaleen het aan verskillende dinge deelgeneem.<br>• Shaleen het klavier gespeel, ballet gedoen en tennis gespeel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet ten minste twee aktiwiteite genoem word. Aanhaling mag nie gebruik word nie – eie woorde.)* | 1 |
| | | |
| 1.4 | • Haar pa was ‘n skoolhoof.<br>• Haar ma was ‘n onderwyseres.<br>• Sy het daarvan gehou om met klein kindertjies te werk.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>• Albei haar ouers was in die onderwys./<br>• Sy het in haar ouers se voetspore gevolg. ✓✓ | 2 |
| | | |
| 1.5 | Shaleen/Sy het die **onderwys verlaat** ✓en **as aktrise begin**. ✓<br>*(Die verandering wat sy gemaak het, moet duidelik wees. Die leerder kan een punt vir een beroep verdien.)* | 2 |
| | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.6 | "onvergeetlike"<br>*(Ons penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| | | |
| 1.7.1 | figuurlik | 1 |
| | | |
| 1.7.2 | • Suid-Afrikaners het lief geword vir Shaleen.<br>• Shaleen het Suid-Afrikaners se harte verower/gewen.<br>• Suid-Afrikaners sal haar nooit vergeet nie.<br>• Sy was 'n gunsteling aktrise in Suid-Afrika.<br>• Iemand waarvan Suid-Afrikaners baie hou/voor omgee.<br>*(1.7.1 moet korrek wees om 1.7.2 na te sien. Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.7.3 | Ester Willemse/Nenna | 1 |
| | | |
| 1.8 | • Sy het baie rolle gekry./Sy het tussen (2011-2021) ander rolle gespeel./Sy het byna elke jaar ‘n ander rol gespeel.<br>• Sy het verskeie pryse ontvang.<br>• Sy het ook in Londen opgetree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.9.1 | • Diabetes<br>• Longprobleme/probleme met haar longe<br>• Hartprobleme/probleme met haar hart<br>• Twee beroertes<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.9.2 | (In 2012) het sy ineengestort/in die hospitaal beland.✓<br>Sy was oorwerk/besig om aan twee rolle op dieselfde tyd te werk. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.10 | (Aan) Arendsvlei | 1 |
| | | |
| 1.11 | D/het haar nie aan ander mense se opinies van haar gesteur nie. | 1 |
| | | |
| 1.12.1 | D/Shaleen het vroeg in haar loopbaan reeds ‘n prys as beste aktrise ontvang. | 1 |
| | | |
| 1.12.2 | E/Shaleen het drama ook op radio vertolk. | 1 |
| | | |
| 1.12.3 | A/Shaleen het ‘n tweede Fleur du Cap-prys ontvang. | 1 |
| | | |
| 1.12.4 | B/Shaleen het erkenning ontvang vir haar lang loopbaan as aktrise. | 1 |
| | | |
| 1.13 | • Dit wys hoe lyk die persoon./Ons kan vir Shaleen sien./ Dit sit ‘n gesig by die artikel.<br>• Dit wys waaroor/oor wie die teks gaan./Dit identifiseer die persoon en ‘n karakter (van die persoon)./Om die leesstuk beter te verstaan./Shaleen oor wie die teks handel<br>• Die eerste foto wys vir die leser hoe Shaleen gelyk het/sluit aan by die opskrif.<br>• Die tweede foto wys Shaleen as Fiela/sluit aan by paragraaf 5.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14 | • Ons lees in die teks dat Shaleen gewild en geliefd (onder die land se mense) was./Die volk/mense het van haar gehou.<br>• Ons lees dat baie mense haar geken het of van haar geweet het, (omdat sy in so baie films en reekse gespeel het)./As mens aan Afrikaanse films/teaters dink, dink jy aan Shaleen.<br>• Shaleen was 'n mens vir die volk./Sy was so gewild dat sy aan die Suid-Afrikaners behoort het/die nasie het Shaleen as hulle eie aanvaar/geëis.<br>• Gewone mense kon met Shaleen identifiseer.<br>• Die hele land het haar as 'n ikoon gesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: GRATIS KOFFIE BY WIMPY**
[Verwerk uit *Beeld*, 6 Oktober 2021]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15.1 | • ligte/gesellige/warm/gelukkige/kalm/goeie/rustige/verwelkomende atmosfeer<br>• vriendelikheid/hartlikheid/gasvryheid/warmte/samesyn/gemoedelik heid<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.15.2 | Nee.<br>• Haar liggaamshouding is streng./Sy glimlag nie.<br>• Sy wys met haar vinger na die plakkaat.<br>• Sy laat hom onwelkom voel.<br>• Sy is sarkasties./Sy is nors/onplesierig/onbeskof.<br>• Sy noem die klant sommer "jy"/het nie respek vir die klant nie./Sy was ongeskik.<br>• Sy is onvriendelik.<br>• Sy lyk nie gelukkig nie.<br>• Sy is verkleinerend: "Kan jy nie lees nie?"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. LET WEL: Hier kan nie 'n Ja-antwoord wees nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.16.1 | skrik | 1 |
| | | |
| 1.16.2 | • Sy **oë** is groot/wydgerek.<br>• Sy **mond** is groot oop.<br>• Hy keer met sy **hande**.<br>*(1.16.1 moet korrek wees om 1.16.2 na te sien. Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.17 | • Die dinkborrel/wolk met woorde wys sy praat nie./Sy dink net die woorde./Sy praat in haar gedagtes.<br>• Die wolk met die klein borreltjies wys sy dink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18 | • Die plakkaat het nie aangedui vir **watter inenting** daar gratis koffie is nie.<br>• **Covid-inenting** is nie op die plakkaat gespesifiseer nie.<br>• Die plakkaat sê/spesifiseer nie dat jy **net een keer** mag kom nie/slegs een koppie per inenting kry nie.<br>• Een gratis koffie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| |
|---|
| **TOTAAL AFDELING A: 30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

- **Toegewing:**

  Indien die kandidaat slegs 1 korrekte aanhaling het, verdien die kandidaat 1 punt vir die aanhaling, maar geen punte vir taal nie.

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde aan lees ná die 70-woordegrens en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: DIE NADELE VAN TE VEEL COCA COLA**
[Verwerk uit t2conline.com]

**Let wel:** Kandidate moet **enige** sewe **nadele** van te veel Coca Cola opsom.

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Coca Cola bevat suiker, water en geurmiddels. Súiker en jou skaal is glad nie maats nie. Volgens navorsing sal net een blikkie per dag **jou elke maand 500 g meer laat weeg.** | 1 | Te veel Coca Cola maak jou vet/laat jou gewig optel/laat jou meer weeg. |
| Jy het seker ook al die woord diabetes gehoor. Dit neem regoor die wêreld toe en as jy te veel Coca Cola drink, **loop jý die risiko om ook diabetes te ontwikkel.** | 2 | Jy kan diabetes kry. |
| Gereelde, gesonde maaltye keer dat die bene in jou liggaam verswak. Baie mense drink eerder Coca Cola as om gesonde kos te eet. As dit aanhoudend gebeur, sal die bene in jou liggaam verswak en **kan jy osteoporose kry.** | 3 | Te veel Coca Cola/Dit veroorsaak osteoporose/dat die bene in jou liggaam bros word/verswak. |
| Mense wat hulle tande se **emalje** oppas, het sterk, gesonde tande wat nie maklik **gaatjies kry** nie. Een manier om jou tande op te pas, is om minder Coca Cola te drink. | 4 | Te veel Coca Cola/Dit beskadig tandemalje/jou tande/veroorsaak gaatjies in jou tande./Dit verniel jou tande. |
| Coca Cola bevat selfs meer suiker as lekkergoed. Omdat daar nie ‘n balans tussen die suiker, minerale en gas in Coca Cola is nie**, is dit baie nadelig vir jou niere. Jy kan ernstige nierprobleme opdoen**. | 5 | Jy beskadig jou niere as jy te veel Coca Cola drink./Te veel Coca Cola/Dit veroorsaak nierprobleme/As jy te veel Coca Cola drink, kan jy ernstige nierprobleme opdoen. |
| Baie mense moet daagliks medisyne drink vir hoë bloeddruk. Te veel **verfynde suiker ontwater die liggaam**. Te veel Coca Cola **kan** dus **tot hoë bloeddruk lei**. | 6<br><br>7 | Te veel verfynde suiker kan lei tot ontwatering van jou liggaam.<br><br>Jy kan hoë bloeddruk kry as jy te veel Coca Cola drink. |
| Laastens: Coca Cola se bruin kleur kom nie van bruinsuiker af nie, maar van ‘n kunsmatige kleurmiddel. Hierdie **kleurmiddel** word deur ‘n chemiese proses ontwikkel wat jou kanse om **kanker** te kry, verhoog. | 8 | Die kleurmiddel in Coca Cola kan kanker veroorsaak./(Te veel) Coca Cola kan veroorsaak dat jy kanker kry. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

| **AFDELING C: TAAL**<br>**ASSESSERINGSRIGLYNE** |
|---|
| • Spelling:<br>  o Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.<br>  o By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.<br>  o Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.<br>• Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.<br>• Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae. |

| **VRAAG 3**<br>**TEKS D: ADVERTENSIE**<br>[Verwerkte teks uit *Huisgenoot* 24 Junie 2021] |
|---|

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 3.1 | SPLINTERNUUT/splinternuut *(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.2 | JUNIOR/junior/kinders/Kinders | 1 |
| | | |
| 3.3 | • Sink, Vit C en Vit D3<br>• Die drie vitamine en minerale<br>• Die drie bestanddele van die produk<br>• Drie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.4 | emotiewe/denotatiewe | 1 |
| | | |
| 3.5 | "trots Suid-Afrikaanse" | 1 |
| | | |
| 3.6 | • Hy speel op die ouer se gevoel./Hy gebruik emotiewe taal./Jy/Mense sal nie spyt wees as jy/hulle Zinplex koop nie.<br>• Hy fokus op die kinders se gesondheid.<br>• Hy sê dat dit die beste medisyne is./Verwys na jou kinders wat die beste verdien./Hy fokus op voordele van die produk./Jou kinders verdien net die beste medisyne<br>• Spreek die leser direk aan./Die leser word direk betrek./Daar word direk met die leser gepraat bv. jy en jou.<br>• Trippel beteken dat jy drie keer die waarde vir jou geld kry en drie keer die beskerming teen siektes kry.<br>• Dit is 'n stroop en nie tablette nie – kinders verkies stroop.<br>• Dit is iets nuuts.<br>• Kinders het net een lepeltjie stroop nodig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.7 | A/dit nog nie bewys is nie. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | | |
| 3.8 | • Gee (vir) kinders net een teelepel stroop per dag.(!)<br>• Gee kinders een teelepel stroop per dag.<br>• Gee net een teelepel stroop per dag.<br>• Gee jou kinders/kind net een lepel stroop per dag.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | • Dit is ‘n nuwe produk. ✓ Ek het al die ander produkte probeer en dit werk nie./Kinders verdien net die beste medisyne. ✓<br>• Die feit dat dit ‘n immuunversterker is. ✓ Kinders het deesdae immuunversterkers nodig. ✓<br>• Die feit dat die stroop drie belangrike vitamines en minerale bevat. ✓ Jy hoef net een produk te koop. ✓<br>• Kinders het net een teelepel stroop per dag nodig. ✓ Die stroop gaan lank hou. ✓<br>• Die woord NUUT! ✓ wat alleen in die groot blokkie staan./Kinders verdien net die beste medisyne. ✓<br>• Die prent van die tierwelpie. ✓ My kind moet ook sterk en gesond soos die tierwelpie wees. ✓<br>• D3-stroop. ✓ Ek kry waarde vir geld./My kinders kry drie keer die beskerming teen siektes. ✓<br>• Trots Suid-Afrikaans. ✓Dit is in Suid-Afrika gemaak, spesifiek vir ons kinders./Ek is lojaal aan my land. ✓<br>• Jou kinders verdien net die beste. ✓ My kinders se gesondheid is belangrik vir my./Ek wil nie spyt daaroor wees as ek dit nie koop nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die motivering moet pas by dit wat jou oorreed het.)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *Beeld*, 25 en 26 Augustus 2021]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | Daar is ‘n beletselteken/drie kolletjies/ellips/stippels/punte/... | 1 |
| | | |
| 4.1.2 | Jeremy het Ma in die rede geval./Jeremy begin praat as sy ma nog praat./Jeremy het sy ma se sin voltooi/haar woorde klaargemaak./Hy het haar onderbreek/hy het begin praat./Toe antwoord hy al klaar.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.2 | Maria Lopez is **my** jarelange vriendin.<br>(*Ons penaliseer nie kandidate wat aanhalingstekens gebruik het nie.)*<br>"Maria Lopez is **my** jarelange vriendin," sê Ma.<br>Ma sê: "Maria Lopez is **my** jarelange vriendin."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.3 | B/daarna uitsien om haar vriendin te sien. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.4 | vriendinne (*sp*) | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Hy wys sy **vinger** vir sy ma.<br>• Hy leun vorentoe./Hy is in sy ma se ruimte./Hy staan baie na aan sy ma.<br>• Sy **mond** is groot oop.<br>• Sy **oë** is groot/wyd oop.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 2 |
| | | |
| 4.6 | • Ma het nie Jeremy se kwaai reaksie verwag nie./Ma is verbaas oor sy houding.<br>• Jeremy se kwaai/heftige reaksie (het haar ontstel).<br>• Ma is afgehaal omdat Jeremy so ontevrede is.<br>• Ma het dalk gedink dat Jeremy saam met haar bly sou wees dat sy haar ou vriendin weer sou sien./Hy het haar vooruitsig/uitsien na/opgewondenheid oor die kuier bederf.<br>• Ma voel teleurgesteld/seergemaak/geskok/ontevrede oor sy houding.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.7 | In RAAMPIE 5 vra Jeremy ernstig dat sy ma nie oor hom moet praat nie.✓<br>In RAAMPIE 6 is hy (eintlik) verontwaardig/ongelukkig/gebelgd/vies/ selfbejammerend/kwaad dat sy ma instem om nie oor hom te praat nie. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde kandidaat kan 1 punt verdien vir 'n gedeelte van die antwoord. )* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: SEUN STEL GOEIE VOORBEELD**
[Verwerkte teks]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | sy | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | (Hulle het gesê die regering maak) **nie** die gate in die paaie reg **nie**. | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | • (Toe besluit Terrence) **om** self iets **te** doen.<br>• (Toe besluit Terrence) self **om** iets **te** doen.<br>• (Toe besluit Terrence) **om** iets self **te** doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | Smiddae/smiddae/smiddags | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | groot**ste** (*sp*) | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | in/binne-in<br>*(Kandidate moet die konteks in ag neem.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.7 | **ge**roes**te** | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.8 | • Hy het hom daarvoor betaal.<br>• Hy het hom betaal daarvoor.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | winkel**tjie** (sp) | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | Die ander geld het hy gespaar sodat hy eendag **kon gaan** leer om onderwyser te word. | 1 |
| | | |
| 5.1.11 | Ek verjaar in **Mei**.<br>*(Enige sin wat dui op die maand Mei)* | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | respek (vir) | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | Mnr. Manzini vra **of** daar niemand anders **is** wat hom 'n bietjie kan help nie. | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | Met hierdie werk wat Terrence gedoen het**,** het hy 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap gelewer. | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT EN TEKS**
[Verwerk uit clipartlibrary.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | gesin**s**vakansie | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | kruideniersware | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | radio/draadloos/draradio | 1 |
| | | |
| 5.2.4 | flits/toorts/flitslig | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | sonbril | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | • Die medisyne **word deur Ma** in die noodhulpkissie **gepak.**<br>• Die medisyne **word** in die noodhulpkissie **gepak deur Ma**.<br>• Die medisyne **word** in die noodhulpkissie **deur ma gepak.**<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

*Kopiereg voorbehou*